# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging
# Letaba Tak

Posbus 1989 Tzaneen 0850

***Voorsitter*** *(Wallie van Dyk) Tel: 083-452 24* ***Ondervoorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 538*

***Sekretaris*** *(Abel Botha): Tel: 082-773 1488* **Tesourier** (Adriaan Willems) : Tel: 083-448 5201

**e-mail :** mwabelb@mweb.co.za

**Redaktrise** : Annie Botha 083-4076921 **e-mail** : annieb2@mweb.co.za


## Notule van Bestuursvergadering 2 September 2004

**1. OPENING & VERWELKOMING :**

Marius open die vergadering met gebed en Wallie heet almal welkom by die vergadering.

**2. DOELSTELLINGS**

Mias lees die doelstellings van BJV.

**3. TEENWOORDIG**

**Bestuur :**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wallie van Dyk | Johan Ehlers | Aubrey Potgieter | Gustav von Below |
| Carel Buitendag | Abel Botha | Chris de Wet | Marius van Rensburg |
| John Eastes | Karl Osmers | Schalk Robinson | |

**Lede :**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Cornel Maré | Pieter Bruwer | Mias Rossouw | Chris Steyn |
| Wikus vd Merwe | D V Vuuren | De Klerk Fourie | Stephan Fourie |
| Cor Olivier | Gerrie Boersma | Evert Bekker | Johan Steenkamp |

**4. VERSKONINGS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Annie Botha | Dries van Niekerk | Mike Gamba | Vic Osmers |
| Adriaan Willems | Tino Ceronio | André le Grange | |

**5. VORIGE NOTULE :**

**5.1 Sake voortspruitend uit vorige notule**

Sal onder gelyknamige items behandel word

**5.2 Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**

Die notule van die vorige vergadering (3 Augustus 2004) word goedgekeur met die wysiging dat Stephan Fourie teenwoordig was.

**6. VASSTELLING VAN AGENDA**

Geen ekstra punte

**7. FINANSIES**

Die R9000 wat ons aan Uitvoerend skuld, is oorbetaal.
Alan Bisset sal die advertensieborde teen die muur se nuwe jaargelde opvolg.
Met dank aan hom.

**8. NUWE LEDE**

George Malherbe

**9. KLUBHUIS & SKIETBAANGRONDE**

**9.1 David** – OK

**9.2 Klubhuis** – Toemaak van kroeg – Staan oor.
Daar is van ons vensterrame en ander goed wat buite was, gesteel.

**9.4 Dranklisensie** - Ons wag nog

**9.5 Poslec Seta** – Akkreditasie : Is in die hande van Uitvoerend, Johnny Rech sal opvolg

**9.7 Elektrisiteitsrekening**

Eie kragaansluiting - die kontrak is gereed vir ondertekening

**9.8 Skietbaan akkreditasie :**

'n Vergadering moet gereël word met John Eastes & Dippies. Dit lyk op hierdie stadium asof die kommando die skietbaan aan BJV wil oordra indien hulle struktuur gaan verander.

**9.9 CHASA akkreditasie – Toegewyde Jagter status**

Uitvoerend is besig om 'n stelsel in plek te kry. Daar sal dagboekies aan elke lid verkoop word om sy jagte en bedrywighede by ander takke in aan te teken vir doeleindes van die nuwe vuurwapenwet.

**10. SKIETDAE**

Die sleutels sal nog steeds by Dries van Niekerk by Protec beskikbaar wees. Sy besigheid is nou in Duikerlaan.

**10.1 Pro-Amm skietdag 2004**

Die eerste prys sal 'n Luna vrieskassie wees. Ons soek nog baie ander pryse.
Wallie sal weer met Stefan Lombard praat oor die Pro-Amm dag.

**10.2 Intertak skietdag 18 Sept.**

Ons wil probeer om twee spanne te stuur, wat op Saterdag se skietdag gekies sal word.

**10.3 Ghonge**

Die ghonge is gemaak en sal Saterdag gebruik word.

**11. OPLEIDING**

Die vergadering bedank Schalk vir sy insette en Wallie wat die karkasse gekoop het. Die geld vir die karkasse is egter te min vir wat die rooibokke werd is – die vergadering besluit om nog R1500 by Wallie se R1700 te voeg en dat André dit aan Daan Roux sal oorbetaal.

Philip Robinson moet die foto's aan Abel e-mail en André/Carel moet die name aan hom deurgee. Abel sal die sertifikate druk met foto's as agtergrond en Carel sal sorg dat dit by die skool uitgedeel word.

**12. KLEIDUIF**

Gaan nie Saterdag kleiduif skiet nie.

**13. BOOGJAG**

Is reg vir Saterdag

**14. HANDWAPENJAG**

Gaan nie Saterdag handwapen skiet nie.

**15. JAGGELEENTHEDE**

Chris soek plekke vir jagpakette. Hy sal vroeg in volgende jaar 'n vergadering reël waar dit bespreek sal word.

**16. REDAKTRISE / PUBLIKASIES / PERS**

Annie het nuusbriewe en Impalas gepos.

**17. UITVOERENDE VERGADERING**

Binus Schoeman het die Musgrave toekenning verwerf. Carl Höll is as erelid aangewys.

**18. ALGEMEEN**

**18.1 Wildsete :** 'n vergadering moet met die bestuurslede se vrouens gereël word op 9 September 2004 vir die organisasie van die wildsete. Die kaartjies sal R100 per volwassene en R50 per kind wees. Schalk sal dit druk. Schalk sal reël vir sekuriteit by die wildsete. Musiek deur Willie Botha – Wallie sal weer met hom bevestig.

**18.2 Jaarprogram**

Carel Buitendach sal vir Vic kontak en finaliseer.

**18.3 Trofeemeting, skietdag, AJV 4 September 2004**

Ons sal 'n spesiale tabel skiet met ghonge en papierteikens vanaf 300m, 200m, 100m en 50m. Inskrywingsgeld R30 per lid, R50 per nie-lid.

Skiet vanaf 07h00 tot 16h00, onderbreek skiet vir AJV vanaf 10h00, waarna ons verder sal skiet. Trofeemeting vanaf vroeg tot 15h00. Inskrywingsgeld vir trofeeemeting = R20 per lid. Braaipakkies sal die aand beskikbaar wees teen R25.

**19. VOLGENDE VERGADERING**

7 Oktober 2004 18h00

**Notule goedgekeur :** Datum …………………………………………….

…………………………………………………………

Voorsitter

…………………………………………………………..

Sekretaris